Woodoc Gel Stain
Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Slegs vir binnenshuise gebruik. Woodoc Gel Stain verryk en beklemtoon die kleur en voorkoms van hout. Kleurintensiteit word makliker beheer as met konvensionele vloeibare beitse. Dennehoutmeubels kan in ryk houtkleure omtower word, ligte hout kan donkerder word en die kleur van donker hout kan beklemtoon word.

Produkeienskappe:

- Woodoc Gel Stain moet slegs gebruik word op hout wat geen vorige afwerkings/lae, wasse of olies op het nie.
- Verwyder enige ou afwerkings/lae heeltemal.
- Woodoc Gel Stain beskerm nie hout nie. Werk die hout na gebruik van die Gel Stain met 'n geskikte verseëlaar/vernis af.
- Beskikbaar in 'n reeks uitgesoekte hout- asook modetinte: Traditional Teak, Cherrywood, African Mahogany, Antique Oak, Imbuia, Ebony, Butter, Arizona Orange, Dawn Red, Forever Green, Adriatic Blue, Purple Sky.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Aanwendingsnota:
Omdat die natuurlike kleur en absorbeerbaarheid van houtsoorte verskil, kan die voorkoms wat met Woodoc Gel Stain verkry word, verskil by aanwending. Ons beveel aan dat 'n proefaanwending eers op 'n soortgelyke stukkie hout uitgevoer word. Wend met 'n spons/lap aan totdat die verlangde kleur verkry is. Wag vir ten minste een uur en werk dan met 'n geskikte verseëlaar/vernis af.

Nr: WGS/002
Gedateer: 17/11/11
Naam:
Woodoc Gel Stain
Beskrywing:
Houtbeits in gelvorm.
Aanwending:
Wend direk op hout aan met spons/lap. Gooi verkieslik spons/lap weg na gebruik of was dadelik met water.
Nota: Dra altyd beskermende handskoene tydens aanwending van Gel Stain.
Drogingstyd:
Sneldrogend, maar wag ten minste een uur voordat hout verseël word.
Dekking:
Ongeveer 5 m^2 per 250 ml-bottel (een laag)
Onverenigbaarheid:
Minerale terpentyn, Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
250 ml

LEES ALTYD EERS DIE AANWYSINGS OP DIE BOTTEL VOOR AANWENDING. DIE PRODUK SAL KLERE VLEK. WEES ASSEBLIEF VERSIGTIG TYDENS AANWENDING.

VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Drink 3 – 5 glase water. Voorkom vomering. Raadpleeg onmiddellik 'n dokter. Toevallige velkontak: was dadelik af met water. Oogkontak: spoel deeglik uit met water.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538